


Die Voortrekkers



WERKBOEK
vir
Penkoppe en Drawwertjies
in
Graad 3

Uitgegee deur:
Die Voortrekkers, Posbus 12542,
QUEENSWOOD, 0121
Kopiereg: Die Voortrekkers
Eerste uitgawe, eerste druk 1995
Eerste hersiening, eerste druk 1999
Tweede hersiening, eerste druk 2001
Derde hersiening, eerste druk 2002
Vierde hersiening, eerste druk 2003
Tweede uitgawe, eerste druk 2005
Tweede uitgawe, tweede druk 2006
Vyfde hersiening, eerste druk 2012
Sesde hersiening, eerste druk 2017
ISBN 1-920124-22-5

INHOUD

EK AS MENS	3
1 Menswees	3
2 Kommunikasie	9
EK IN MY OMGEWING	14
1 Veiligheid ten opsigte van Vuur	14
2 Gedragkode in die Veld	18
3 Ons maak Kos in die Veld	22
4 Ek en my omgewing	Error! Bookmark not defined.
EK AS VOORTREKKER	28
1 Die Voortrekkers – Ons Voortrekker Kommando	Error! Bookmark not defined.
2 Spesialisasies	28
3 Seremonie Vaardighede	30
4 Voortrekkerkode	31
5 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel	33
6 Sang	30
7 Spele	30
EK AS AFRIKANER	38
1 Kinderhelde	38
2 Ons Taal	40
EK AS LANDSBURGER	43
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land	43
2 Die Nasionale Lied	45
PROJEKTE	48
1 Boomplant	48
2 Omgee	48

EK AS MENS

1. Menswees

1.1. Tafelmaniere

Bespreek die volgende:

Hoe moet ons lyk as ons kom eet: hare, hande, klere.

Die tafelgebed.

Aangee van kos aan ander.

Wanneer om te begin eet.

Hantering van die mes en vurk.

Hoe word vleisbeentjies hanteer.

Hoe word 'n pit in die mond hanteer.

Hoe word 'n servet gebruik.

Wat word gesê as jy iets nie wil hê nie.



Onthou: **Jou optrede wys of jy vir jouself en vir ander respek het.**

Dit is goeie maniere om:	Waar	Onwaar
Met jou mond vol kos te praat.		

Te wag dat almal klaar eet voordat jy opstaan.		
Asseblief en dankie te sê.		
Met jou elmboë op die tafel te leun.		
Sop en tee te slurp.		
Te vra wanneer iets buite jou bereik is en nie te rek nie.		



1.2. Gaste

Bespreek die volgende as jy die Gasheer is:

Nooi van gaste.

Ontvang van gaste.

Vorstel van gaste aan mekaar.

Omsien van gaste.

Vertrek van gaste.

Bespreek die volgende as jy die gas is:

Antwoord van uitnodiging.


Aankoms by gasheer.

**Optrede teenoor gasheer en ander gaste.
Groet en vertrek.**

Oefen bogenoemde deur rolspel.

1.3. Partytjies

Maak 'n uitnodigingskaartjie om 'n maat na 'n partytjie te nooi en plak die kaartjie hier.



Gesels oor die volgende:

Hanteer van geskenke (ontvangs, hantering, bedanking, oopmaak en kommentare)

Bedagsaamheid teenoor al die maats op die partytjie.

PLAK PRENTJIES HIER VAN GESKENKE




1.4 GOEIE MANIERE

Bespreek die volgende op die vier verskillende plekke hieronder:

Optrede teenoor volwassenes

Optrede teenoor maats

Optrede teenoor die teenoorgestelde geslag



KOMMUNIKASIE

2.1 FLUITSEINE

Daar is 'n fluitsein wat net vir spanleiers bedoel is. Dit is baie maklik om te onthou.

• • • • ----
Span-lei-ers kom hier


Wanneer jy dié fluitsein hoor, moet jy dadelik luister om vas te stel wat die gevaar is. Die persoon wat die fluitjie geblaas het sal vir jou kan sê wat om te doen.

• ---- • ----
Ge-vaar, ge-vaar

Wanneer jy hierdie fluitsein hoor, weet jy dat alles weer veilig is.

• • • •
Als reg, als reg

Onthou dat fluitseine net gegee word wanneer dit noodsaaklik is. Die reël is dat die offisier die fluitjie blaas, behalwe wanneer hy iemand anders opdrag gee om dit te doen.



2.2 DIE TELEFOON



Indien die persoon wat geskakel het vra om met mamma te praat, moet jy haar roep. As sy egter nie tuis is nie, moet jy vra of daar 'n boodskap is. Sodra jy klaar gepraat het, moet jy die boodskap op die boekie langs die foon neerskryf. Wanneer mamma tuis kom, moet jy haar dadelik sê dat daar vir haar 'n boodskap neergeskrywe is. Vir veiligheid moet jy liever nie sê dat sy nie tuis is nie. Sê eerder dat sy besig is.

Maak die √ of × by die volgende stellings:

No	Stelling	√ of ×
1	'n Telefoon is 'n lekker speelding.	
2	Telefoonoproepe is verniet.	
3	Jy mag in 'n geselskap besig wees met jou telefoon.	
4	Wees onvriendelik as jy die telefoon beantwoord.	

Kommunikasie met die leiers van jou Voortrekker kommando is noodsaaklik. Mamma en Pappa het dalk inligting van hulle nodig. Daarom moet jy die lys hier onder baie volledig invul.


Posisie	Naam	Telefoonnommer
Kommandoleier		
Spanoffisier		

2.3 GEHEIME SKRIF

A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z

Skryf jou eie geheime boodskap hier.

2.4 VINGERTAAL



Dowe mense gebruik vingertaal om te gesels.

Pak jou eie naam met vingertaal prentjies uit.

2.5 LYFTAAL

Sonder om iets te sê kan ander mense weet hoe jy voel deur net na jou houding te kyk.

Kyk na die prente hieronder en vertel hoe die seun en dogter op elk van die prente voel.





EK IN MY OMGEWING

1. Veiligheid ten opsigte van Vuur

1.1 WATTER DRIE ELEMENTE IS NODIG OM 'N VUUR TE LAAT BRAND?


	+		+		=	VUUR
--	---	--	---	--	---	-------------

1.2 PLAK OF TEKEN PRENTE VAN ITEMS WAT BRANDE KAN VEROORSAAK.

In 'n huis	In die veld	In 'n tent




1.3 BESPREEK WAT JOU OPTREDE SAL WEES WANNEER:



1.4 VOLTOOI DIE VOLGENDE:

Die nooddienste in my omgewing se telefoonnommers	
Nooddienste	Telefoonnommer
Brandweer	
Polisie	
Ambulans	
Hospitaal	
Dokter	






2. GEDRAGSKODE IN DIE VELD

Wat is 'n gedragkode?

Dit is die manier waarop jy jou gedra of optree. Meestal is dit sommer net goeie maniere.



GEDRAGSKODE

- 1 Moet nie die plantegroei versteur nie.**
- 2 Maak eers seker voordat jy water drink en veldvrugte eet of dit geskik is vir gebruik.**
- 3 Moenie water mors of rommel strooi nie.**
- 4 Moenie plante breek of diertjies dood of seermaak nie.**
- 5 Wees versigtig as jy vuurmaak.**
- 6 Verwyder alle rommel.**
- 7 Laat die terrein beter agter as wat jy**



2.1 WAAROM MOET ONS DIE NATUUR BEWAAR?

- **Dit is 'n Bybelse opdrag.**
- **Die plantegroei hou die grond vas sodat reën dit nie wegspoel nie.**
- **Van sommige plante word medisyne gemaak.**
- **Woude beskerm ons riviere.**
- **Plante maak suurstof.**
- **Van diere kry ons vleis.**
- **Van plante kry ons vrugte en groente.**
- **Baie toeriste besoek ons land om ons besonderse natuur te geniet.**

Die belangrikste bly steeds:



2.2 Besoedeling



2.3 BESPREEK DIE VOLGENDE:

- **Rommelstrooi**
- **Lugbesoedeling**
- **Hoekom besoedeling ongesond is vir mens en dier**

3. ONS MAAK KOS IN DIE VELD



3.1 ONS MOET VERSIGTIG WEES WANNEER ONS IN DIE VELD VUUR- MAAK. DAAROM MOET HIERDIE REËLS NAGEKOM WORD:

- **Hou die wind goed dop. Hoe sterk is die wind?**
- **Waarheen sal die vonke en vlamme waai?**
- **Moenie vuurmaak as die wind te sterk waai nie, omdat daardie vonke en vlamme 'n veldbrand kan begin.**
- **Moenie vuur in die lang gras of tussen bosse maak nie.**
- **Maak eers 'n kaal kol in die gras of bosse of soek 'n oop kol in die veld waar die vuur gemaak kan word.**
- **Moenie vuur reg onder 'n boom maak nie.**
- **Moenie 'n vuurhoutjie wat nog brand in die veld weggooi nie.**
- **Moenie 'n vuur alleen laat brand nie. Dit moet opgepas word.**
- **Niemand moet kan sien dat daar Voortrekkers was nie.**
- **Die vuur moet met genoeg sand toegegooi word sodat dit heeltemal geblus is. Die as en gebrande hout moet begrawe word.**

3.2 KOSMAAK

Saam met julle offisier gaan julle ook hierdie jaar kosmaak op die vuurtjie wat julle self gemaak het.

- **Wors**

Terwyl julle wag dat die hout heeltemal uitbrand, kan julle 'n stukkie wors in 'n draadvurk, wat julle van die huis af saamgebring het, steek. Julle offisier sal vir julle vertel waarom mens nie sommer enige houtsoort hiervoor kan gebruik nie. Wanneer daar dan genoeg kole is, kan elkeen sy vurk met die worsie oor die kole braai.

- **Stokbrood**

Julle offisier het ook 'n resep vir stokbrood en dit is groot pret om jou eie broodjie gaar te maak. As julle slim is en vooruit beplan, kan elkeen 'n stuk besemstok van die huis af saamneem. 'n Broodjie wat om 'n besemstok gedraai word, is net mooi dik genoeg om jou gaar worsie daarin te steek en dan jou eie worsbroodjie te maak. Dit is ook baie lekker as jy stroop binne in die broodjie gooi.

- **Koffie**

Terwyl julle besig is met die wors en brood kan die koffiewater ook sommer eenkant op die kole kook. Wees net baie versigtig. Miskien is dit beter dat julle offisier met die hantering van die kookwater help.

- Sing

Met al hierdie bedrywigheide kan julle nog 'n paar liedjies ook sing. Dink byvoorbeeld aan: *Wat maak 'n kamp so lekker en Koffie, koffie anders val ek om.* As julle dit nog nie ken nie, is hierdie 'n goeie tyd om dit te leer. Maak sommer nog julle eie liedjies ook.

Plak hier 'n foto van julle kosmakery.

4. EK EN MY OMGEWING

4.1 SPOORSNY

4.1.1 WAAROM LEER JY OM SPOOR TE SNY?

Wanneer jy spoorsny, beteken dit dat jy en jou span 'n spoor volg wat deur iemand anders gelê is.

- Dit leer jou om beter op te let en te luister.
- Dit leer jou om so te beweeg dat jy nie maklik raakgesien word nie.
- Dit leer jou om uit te hou en aan te hou.
- Dit leer jou om met jou spanmaats saam te werk.

4.1.2 VOOR JY GAAN SPOORSNY MOET JY:







- die Spoorsnytekens leer ken
- onderneem om nie plante of eiendom op die roete te beskadig nie
- weet wat die padveiligheid reëls is as julle in die dorp of stad of langs die pad spoorsny en hierdie reëls nakom.

Gewoonlik word die spoor deur die offisier gelê.

Die spoor word verkieslik in die veld gelê.


Ons sny spoor met 'n doel.

4.1.3 SPOORSNY TEKENS

		
Volg hierdie rigting	Twee rigtings of Dubbelspoor. Dit beteken dat julle of die een of die ander pad kan volg.	Verkeerde pad. Moenie hierdie pad volg nie. Draai dadelik om en gaan terug na die uitdraaipad. Volg die ander pyl.
		
Briefie – die teken wys dat daar 'n briefie weggesteek is. Die syfer sê hoeveel tree en die pyl wys die rigting.	Na huis, spankamer, bymekaarkomplek	Kamp toe (indien julle tydens 'n kamp spoorsny)

4.1.4 SPOORSNY OEFENING

- Die pyle kan van stokkies, bas, klippe ensovoorts gemaak word, wat net soos die grond en gras lyk.
- Hierdie tekens smelt saam met die kleur en oppervlakte van die veld en julle sal mooi moet soek en oplet om die spoor te vind en te kan volg.
- Tydens die spoorsny word die gedragskode van die veld nagekom.
- Julle kan tekeninge van julle spandier gebruik as spoorsnyteken. Reël net vooraf dat al die spanmaats weet wat die rigting aanwys: bv. die kop of die stert.




Geniet die spoorsny

5. KNIEHALTERSLAG.

- Dit is die knoop wat gebruik word om die vlagtou aan die paal vas te maak en om die knoop waarmee kampgeriewe gemaak word, mee te begin.
- Met hierdie knoop kan 'n tou baie stewig aan 'n paal of stok vasgemaak word.
- Die knoop is vroeër gebruik om perde mee te kniehalter (vandaar die naam) en ook om swepe aan die sweepstok vas te maak.
- Hierdie knoop word net met een punt van die tou gemaak omdat die ander punt aan die vlagpaal vas is.
- Dit word altyd om 'n paal of stok gemaak.

Metode:

1. Volg die pyle in die skets om die Kniehalterslag om die vlagpaal te maak.
2. Hou die hystou met die linkerhand net bokant die posisie waar die knoop gemaak gaan word vas. Dit keer dat die vlag nie sak nie en maak terselfdertyd plek vir die tou om deur te kom. Skets 1.
3. Met die regterhand maak jy 'n omslag om die paal en bring die punte van die hystou bokant die omslag uit.
4. Die linkerhand hou nog steeds die hystou gespan.
5. Met jou regterhand trek jy nou die omslag styf sodat jy jou linkerhand kan versit na die posisie wat in hierdie skets aangetoon word sonder dat jy die hystou skiet gee. Skets 2.
6. Maak nou die tweede omslag met die regterhand.
7. Bring nou die punte van die hystou bokant die tweede omslag by die linkerhand uit en trek nou albei omslae styf en ondertoe. Skets 3 en 4. Die Kniehalterslag is nou voltooi. Dié knoop bly stewig vas om die paal en sal nie loswikkell en die vlag laat sak nie.
8. Vou die tou wat oorbly nadat die knoop gemaak is 'n paar keer. Druk dan die opgevoude tou tussen die paal en die styfgespande tou teen die paal in en trek dit afwaarts vas.



EK AS VOORTREKKER

1. Die Voortrekkers – Ons Voortrekker Kommando



'n Voortrekker Kommando bestaan uit:

Volwassenes wat leiding gee, Hoërskool en Laerskool kinders.


Die volwassenes word offisiere genoem en elke offisier het 'n bepaalde rang en taak.

Elke Voortrekker Kommando het:

1. 'n Kommandoleier
2. Adjunk-kommandoleiers
3. Veldkornette
4. Die offisiere wat spanne hanteer. Hulle word adjudante genoem.

Ons kommandoleier is

Hierdie persone vorm die kommandodagbestuur en so lyk hulle rangkentekens.

Kommandoleier – Blou kompas Veldkornet – Groen kompas	Adjunkkommandoleier – Blou kompas Adjudant – Groen kompas
	

2 Spesialisasies

2.1 Ons beplan om vanjaar die volgende spesialisasies te doen.

Ek as mens	Ek in my Omgewing	Ek as Voortrekker	Ek as Afrikaner	Ek as Landsburger
Handwerk (B)	Plantwaarneming (A)	Spoorkennis (B)	Immigrante (B)	Paraatheid gr 3 (A)
See versamelkuns (B)	See plantekennis (B)		Godsdiens gr 3 (B)	Fietsry (A)
Die Kok (A)			Toeka (B)	
			Volkspele (B)	

2.2 Ek het die volgende spesialisasies deeglik voltooi en het kentekens daarvoor ontvang.

Naam van Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

3. SEREMONIE VAARDIGHED E

Ek kan die volgende bevel e of aksies korrek uitvoer

Bevel	Datum	Handtekening
Omkeer		
Uittree		
Voorwaarts mars		
Halt		
Links om		
Regs om		
Herstel		
Godsdienshouding		
Rig (Links of regs)		
Oë front		

Plak hier 'n foto van die span wat seremonies oefen.


4. VOORTREKKERKODE

Plak 'n prent in die blokkie langs die reël van die Voortrekkerkode wat daarby pas.

'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.	
'n Voortrekker se woord is sy eer.	
'n Voortrekker is gehoorsaam.	
'n Voortrekker leef met respek.	
'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.	

‘n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.	
‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.	
‘n Voortrekker neem leiding.	
‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.	
‘n Voortrekker is diensbaar.	

5. VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL



Laat 10mm tussen kentekens


Aan die einde van die jaar kan jy nog twee kentekens kry om op jou erkenningsbaadjie te werk.

Vir getroue diens:

- ❖ 'n Rooi skei indien dit jou vierde jaar as Voortrekker is.
- ❖ 'n Blou skei indien dit jou derde jaar as Voortrekker is.
- ❖ 'n Groen skei indien dit jou tweede jaar as Voortrekker is.
- ❖ 'n Oranje skei indien dit jou eerste jaar as Voortrekker is.




- ❖ 'n Blou graadwiel om te wys dat jy jou Graadwielwerk in Graad 3 afgehandel het.



6. SANG

Ons het die volgende liedjies aangeleer.

Nasionale lied	
Vlaglied	
Godsdiens lied	
Voortrekkerlied	



7. SPELE

Julle gaan minstens drie tradisionele speletjies aanleer.

Tradisionele spele is speletjies wat van geslag tot geslag gespeel word.


Ons het die volgende tradisionele speletjies aangeleer en gespeel.

1

2

3

Ek het die meeste gehou van



Hier is 'n lys van tradisionele spele. Julle kan gerus meer hieroor uitvind en van tyd tot tyd die speletjies speel. Julle offisier kan hierdie speletjies in die volgende 2 boeke kry:

Kom ons speel Tradisioneel deur M Saayman

E Myburgh of Speletjies van A tot Z versamel deur Anna M de Jager.

SOEK SPELE Adam en Eva Blindemol Voltooi die spreekwoord Warmpatat	SPRINGSPELE Drie stokkies Hasie oor Hopscotch
SLAANSPELE Kennetjie Kussinggeveg	SKRYFSPELE Blokkies voltooi Name, vanne, diere, dorpe en plante
JAAG-EN VANGSPELE Blik-aspaai Boompie verplant Hasie ablou Kat en muis Krappe en kraaie Onder-handjie-klap Piet Verdriet Poskoetsrower Potte en panne Wolf, wolf hoe laat is dit?	GOOISPELE Bal in die mandjie Bok in die hok Brandbal Derdemannetjie Giffie Jakkals en Gans Middelmannetjie Perde en ruiters Sewetjie Koning
KRAGSPELE Aftrekperdjie Aljander, Aljander so deur die bos Bok bok staan styf Skilpadtrek Stoktrek Slangetjie Handstoot	NABOOTS-EN OPVOLGSPELE Appel in die waters Bewaar die knikkertjie Blikloop Blindemol Bottelsit Daar kom die wa Donkie se stert aansteek
ANDER SPELE Aan aan Aartappelresies Armdruk Eiervang Eier-en-lepel resies Job wil nie lag nie Kalwers ry Kleilatgooi Klimtol Kruiwastoot	Pyl en boog Pitspoeg Rekkerskiet Reisies Sakreisies Skyfskiet Skool-skool Skoppelmaai Sweepklap Tiekiedraai

EK AS AFRIKANER

1. KINDERHELDE

Helena Lotrie



Helena se pa is in sy been gewond en hy kon nie loop nie. Helena het tussen hom en die vyand gaan staan om haar pa se lewe te beskerm. Sy is deur haar rok geskiet maar gelukkig is sy nie raakgeskiet nie.



Bespreek waarom Helena 'n held was.

Beeld Helena se verhaal in rolspel uit.

Japie Greyling



'n Engelse patrollie het op Japie-hulle se plaas aangekom. Hulle het vir Japie gevra waar sy pa en die ander boere was, maar Japie wou nie sê nie.

Die kaptein het gesê dat die soldate vir Japie moet skiet, maar nog steeds wou Japie niks sê nie.


Die Kaptein was verbaas dat Japie so dapper is.

Hy het vir die soldate gesê om nie te skiet nie en het na Japie geloop en sy hand geskud.



Bespreek waarom was Japie 'n held en beeld Japie se storie met rolspeel uit.

2. ONS TAAL



Al hierdie tale was boustene waaruit ons taal Afrikaans ontstaan het.

Al het ons voorouers Afrikaans gepraat was hulle Bybel nog in Nederlands geskryf.

Die Bybels wat saam gegaan het op die Groot Trek was Nederlands.

Die Bybel is later in Afrikaans vertaal.

Die eerste Afrikaanse Bybel het in 1933 verskyn.

Psalm 23:1 en 2

- **Psalmus David Dominus reget me et nihil mihi deerit in loco pascuae ibi; me conlocavit super aquam refectionis educavit me (Latyn)**
- **De Heere is mijn Herder, mij zal niets ontbreken, Hij doet mij neerliggen in grazige weiden; (Hoog Nederlands)**
- **Jehowa is myn Herder, my ontbreek niks nie, Hy laat my wy van jeugdige gras; (Die 1907-vertaling deur S.J. du Toit)**
- **Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie, Hy laat my neerlê in groen weivelde (Afrikaans 1983)**
- **Die Here is my herder, daar is niks wat my ontbreek nie. Hy laat my rus in groen weivelde, na water wat verfris, lei Hy my. (Nuwe Lewende Vertaling 2006)**

Bespreek wat ons kan doen om ons taal suiwer te hou.

Lees die gedigte en bespreek die volgende:

Erfgoed


Leengoed

Eiegoed

<u>Die goeie Vee</u> Sneeuwitjie en die sewe dwergies was wrintiewaar vir werk allergies Al wat hierdie agt wou hê, was om heeldag rond te lê. Die stof en vuilgoed het gedy, want hierdie klomp was vreeslik lui. Lui vir afstof, lui vir hark ôk – die huis en tuin lyk soos 'n varkhok. Sokkies, borde, groot vetkollie, wasgoed, blikkies, hondebolle... Als was vuil, daar't niks geblink nie – g'n wonder dit het so gestink nie Enige prins sou botweg weier om in só 'n plek te kom kuier. So kan dit nie aangaan nie, nee, dié plek kort 'n Goeie Vee Uit: Wurms met Tamasiesous Lapa Uitgewers	<u>My rekenaar is olik</u> Jaco Jacobs My rekenaar klink baie naar my rekenaar klink olik my rekenaar se binnegoed die wirr nie meer so vrolik sy hardesyf voel tam en pap sy windows is gebreek het iemand dalk die sleutelbord se sleutel weggesteek? Die CD-ROM is skielik dom die indernet het omgekom die muis hol rond die skerm spring ag, wat mekaar my reken-ding? Uit: Wurms met Tamasiesous Lapa Uitgewers
---	--

Die Taalmonument


Die monument staan op die Paarlberg by die Paarl in die Kaapprovinsie, en is gebou met blokke wat getemper (gekap) is om by die granietklippe op die berg aan te pas. Elke deel van die monument het 'n spesifieke betekenis. Die monument vertel die storie van hoe ons taal Afrikaans ontstaan het.



EK AS LANDSBURGER

1. DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

Die huis van 'n Vryburger



Vryburgers


'n Vryburger was iemand wat 'n stuk grond gekry het buite die Kasteel waarop hy vir homself kon boer. Klein plase het orals langs die Liesbeekrivier ontstaan. Die Vryburgers was die eerste mense wat in Suid-Afrika grond gekry het en wat hier wou bly.


Die Kasteel

Die Kasteel het Jan van Riebeeck se fort vervang omdat dit die mense beter teen die vyande kon beskerm in geval van oorlog. Boumateriaal soos klip en kalk is op Robbeneiland gaan haal. Die hout het hulle by Houtbaai gekry. Die Kasteel is in 1679 voltooi. Dit is die oudste gebou in Suid-Afrika.


Die eerste fort aan die Kaap.

Die fort was nie sterk genoeg nie en het ook later te klein geraak. Dis deur die Kasteel vervang.





52



Die Kasteel het vyf punte wat bastions genoem word. Elke bastion het 'n naam: Oranje, Nassau, Leerdam, Katzenellenbogen en Buren.

Binne in die Kasteel is 'n muur met vertrekke en 'n balkon. Die balkon word De Kat genoem. In die tyd van Jan van Riebeeck is afkondigings op hierdie balkon gemaak.

2. DIE NASIONALE LIED

2.1 DIE NASIONALE LIED VAN SUID-AFRIKA

Woorde: Enoch Sontongo en CJ Langenhoven

*Nkosi Sikelel' i Afrika
Malupha kanyisw' uphondo lwayo
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela, thina lusapholwayo*

*Morena boloka setjhaba saheso
ofedise dintwa lematshwenyeho
O se boloke, O se boloke,
Setjhaba sa heso
Setjhaba sa, South Afrika,
South Afrika.*

*Uit die blou van onse hemel,
uit die diepte van ons see,
oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee*

*Sounds the call to come together
and united we shall stand,
Let us live and strive for freedom in South Africa our Land*

2.2 Die Nasionale Lied van Namibië

Woorde: Axali Doëseb (*Namibia, land of the brave*)

*Namibia, land of the brave.
Freedom fight we have won.
Glory to their bravery
whose blood waters our freedom.
We shall give our love and loyalty
together in unity.
Beloved land
of savannahs
hold high the banner of liberty.
Namibia, our country,
Namibia, motherland, we love thee.*

2.3 Die Stem van Suid-Afrika

Die Stem van Suid-Afrika was die eerste volkslied van Suid-Afrika. Nou is dit vir ons 'n kultuurlied.

Dit is geskryf deur CJ Langenhoven. Die volledige lied het 4 strofes. Die laaste strofe is 'n gebed.

Die Stem van Suid-Afrika

Toonsetting: M.L. de Villiers

Eerste strofe:

***Uit die blou van onse hemel
uit die diepte van ons see.
Oor ons ewige gebergtes
waar die kranse antwoord gee.
Deur ons vér verlate vlaktes,
met die kreun van ossewa -
Ruis die stem van ons geliefde,
van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem,
ons sal offer wat jy vra:
ons sal lewe, ons sal sterwe -
ons vir jou, Suid-Afrika.***

Tweede strofe:

***In die merg van ons gebeente
In ons hart en siel en gees
In ons roem op ons verlede
In ons hoop op wat sal wees
In ons wil en werk en wandel
Van ons wieg tot aan ons graf
Deel geen ander land ons liefde
Trek geen ander trou ons af
Vaderland ons sal die adel
Van jou naam met ere dra
Waar en trou as Afrikaners
Kinders van Suid-Afrika***


Derde strofe:

***In die songloed van ons somer
In die winternag se kou
In die lente van ons liefde
In die lanfer van ons rou
By die klink van huw'liksklokkies
By die kluutklap op die kis
Streel jou stem ons nooit verniet
nie
Weet jy waar jou kinders is
Op jou roep sê ons nooit nee nie
Sê ons altyd altyd ja
Om te lewe, om te sterwe
Ja, ons kom, Suid-Afrika***

Vierde strofe:

***Op u Almag vas vertrouend
het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here!
om te handhaaf en te hou -
Dat die erwe van ons vaad're
vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste
teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het,
leer ook ons vertrou, O Heer -
Met ons land en met ons nasie,
sal dit wel wees, God regeer.***

Almal moet op aandag staan wanneer 'n Nasionale lied gesing of gespeel word. Indien dit egter in 'n item op 'n program voorkom (bv as dit op 'n instrument gespeel word, 'n koor dit sing of dit voorgedra word) bly ons sit, maar luister met aandag en eerbied daarna. Ons moet nie rondkyk en gesels nie.



PROJEKTE

Bespreek waarom dit nodig is om projekte te doen.

Voortrekkerkode reël 10: 'n Voortrekker is diensbaar.

1 BOOMPLANT

Plant 'n inheemse boom in die gemeenskap byvoorbeeld by die skool, dorp se park of kerk.

Inheems beteken dis 'n boom wat net in Suid-Afrika groei en daarom goed aard in ons klimaat.

Bespreek waarom bome belangrik is en hoekom ons bome moet plant.



2 OMGEE

2.1 DIENSBAARHEID

Doen as span 'n projek waarmee julle aan jul gemeenskap 'n diens lewer soos om rommel op te tel in die strate, pakkies help dra by winkelsentrums, karre was vir bejaardes/onderwysers. Die projek word onder volwasse toesig gedoen.

